higher education
& training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# REKENAARPRAKTYK N4

(6030204)

**10 November 2023 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Kandidate word 30 minute gegun om die instruksies voor die begin van die eksamen deur te lees.**

**Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye en 'n antwoordblad van 6 bladsye.**

Kopiereg voorbehou


Downloaded from www.mycourses.co.za

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
REKENAARPRAKTYK N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 180

---

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat die vraestel beantwoord word. Toesighouers sal verduidelik, indien nodig.

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

   AFDELING A: Teorie [60]
   AFDELING B: Woordverwerking [50]
   AFDELING C: Sigblad [50]
   AFDELING D: Aanbieding [20]

   AFDELING A (VRAAG 1−5) moet op die ANTWOORDBLAD (aangeheg) beantwoord word. Die ANTWOORDBLAD moet voor in die EKSAMENOMSLAG geplaas word. 40 minute moet aan hierdie afdeling bestee word.

   AFDELING B, C en D word met behulp van 'n woordverwerkings-, 'n sigblad- en 'n aanbiedingprogram beantwoord en ongeveer 140 minute moet aan hierdie afdeling bestee word.

2. In die geval van 'n kragonderbreking, 'n rekenaar- of drukkerfout/-weiering, moet die toesighouer die nodige reëlings tref vir die kandidaat/(e) om voort te gaan en die werklike tyd wat verlore gaan, moet vir die kandidaat/(e) bygevoeg word.

3. Indien daar 'n probleem met bepaalde drukkers bestaan, bv. dat dit nie spesiale karakters of die watermerk druk nie, moet 'n verslag saam met die sentrum se ANTWOORDE ingedien word.

4. Kandidate mag 'n lys ASCI-kodes gebruik. Die speltoetser mag gebruik word.

5. Elke antwoord moet slegs op EEN kant van 'n afsonderlike bladsy gedruk word (moenie rug aan rug druk nie). DRUKSTUKKE moet in die EKSAMENOMSLAG geplaas word.

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za

6. Aan die einde van die eksamensessie moet alle DRUKSTUKKE wat nagesien moet word in die kandidaat se EKSAMENOMSLAG geplaas en aan die toesighouer oorhandig word. Slegs EEN DRUKSTUK per vraag of onderafdeling van 'n vraag mag ingelewer word. DRUKSTUKKE wat nie vir nasien ingedien word nie, moet aan die einde van elke sessie deur die toesighouer ingesamel en aan die einde van die dag vernietig word. Geen DRUKSTUKKE mag onder enige omstandighede uit die eksamenlokaal verwyder of in die snippermandjies geplaas word nie.

7. DRUKSTUKKE wat nagesien moet word, moet in dieselfde volgorde as die vrae in die VRAESTEL gerangskik word.

8. In AFDELING B (Woordverwerking) mag slegs Courier New 12 pt gebruik word tensy anders aangedui is. Kantruimtes van 2.54 cm/1" moet gebruik word tensy anders aangedui is.
   In AFDELING C (Sigblad) mag slegs Calibri 11 pt of Arial 10 pt gebruik word tensy anders aangedui is.

9. Sleutel die VRAAGNOMMER asook jou EKSAMENNOMMER by elke antwoord in soos aangedui op die vraestel. Antwoorde sonder gedrukte EKSAMENNOMMERS sal nie nagesien word nie en sal as 'n onreëlmatigheid beskou word.

10. Alle werk wat op rekenaar gedoen word, moet gereeld gestoor word om verlies van werk tydens 'n kragonderbreking te verhoed. Geen bykomende tyd sal toegelaat word om verlore werk oor te doen nie. Dit is die kandidate se verantwoordelikheid om hul antwoorde te beskerm deur werk gereeld te stoor.

11. Aan die einde van die eksamensessie moet elke kandidaat die DRUKSTUKKE van die antwoorde sowel as die kompakskyf/geheuestokkie met die gestoorde antwoorde (behoorlik met die kandidaat se EKSAMENNOMMER gemerk) inlewer. Indien die kandidate se werk op die hardeskyf/netwerk gestoor is, moet die toesighouer(s) die antwoorde na 'n kompakskyf/geheuestokkie kopieer waarna die antwoorde onmiddellik van die hardeskyf/netwerk geskrap moet word. Hierdie bergingstoestelle moet vir ten minste SES maande se veilige bewaring aan die eksamenafdeling van die kampus oorhandig word ingeval die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding navrae daaroor mag rig.

12. Geen VRAESTEL mag uit die EKSAMENLOKAAL verwyder word voordat ten minste EEN uur ná die begin van die laaste sessie verstryk het nie. Alle VRAESTELLE moet ingedien word voordat kandidate die eksamenlokaal verlaat.

13. In die geval dat 'n VRAESTEL tydens meer as een sessie by 'n sentrum geskryf word, moet toesighouers verseker dat alle kandidate se antwoorde van die hardeskywe of die netwerk verwyder word voordat kandidate vir die volgende sessie in die eksamenlokaal toegelaat word.

14. Die gebruik van die INTERNET is streng verbode. Selfs al beskik 'n rekenaar/terminaal oor internettoegang, word jy nie toegelaat om tydens die eksamen tot die internet toegang te kry nie. Dit word as 'n eksamenonreëlmatigheid beskou.

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za

15. Geen kandidaat mag sy/haar werk vir 'n ander kandidaat druk, sy/haar disket/stoortoestel aan 'n ander kandidaat beskikbaar maak of tot 'n ander kandidaat se werk oor die netwerk of deur middel van e-pos en die internet of enige ander manier, toegang verkry nie. Enige poging om toegang tot 'n ander kandidaat se inligting te bekom of om inligting aan 'n ander kandidaat oor te dra, op watter manier ook al, word as 'n onreëlmatigheid beskou en is 'n oortreding van die eksamenreëls en -regulasies wat deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding bepaal is. Indien 'n onreëlmatigheid teen 'n kandidaat verklaar sou word, sal verdere stappe geneem word en mag die kandidaat van die huidige en toekomstige eksamens geskors word.

# MOENIE OMBLAAI VOORDAT DIE TOESIGHOUER OPDRAG GEE OM DIT TE DOEN NIE.

---

**AFDELING A: TEORIE**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 1: | BEREKENINGBEGRIPPE EN TOEPASSINGSVAARDIGHEDE | 15 PUNTE |
| VRAAG 2: | NETWERK- EN KOMMUNIKASIEVAARDIGHEDE | 10 PUNTE |
| VRAAG 3: | DATA-INLIGTINGBESTUUR EN BEREKENINGSDENKE | 15 PUNTE |
| VRAAG 4: | INTERNET- EN KOMMUNIKASIEVAARDIGHEDE | 10 PUNTE |
| VRAAG 5: | DIGITALE BURGERSKAP | 10 PUNTE |
| **TOTAAL AFDELING A:** | | **60 PUNTE** |

Kopiereg voorbehou 


Downloaded from www.mycourses.co.za

**AFDELING A: TEORIE** **60 PUNTE**

Beantwoord VRAAG 1–5 op die ANTWOORDBLAD (aangeheg).
Tyd vir AFDELING A toegelaat: 40 minute

**VRAAG 1: BEREKENINGBEGRIPPE EN TOEPASSINGSVAARDIGHEDE PUNTE: 15**

1.1 Bestudeer die volgende skermdruk en beantwoord die vrae wat daarop volg. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.7) op die ANTWOORDBLAD (aangeheg) neer.




| | | |
|---|---|---|
| 1.1.1 | Wat is die vouer wat vertoon word se naam? | (1) |
| 1.1.2 | Op watter aandrywer is die vouer gestoor? | (1) |
| 1.1.3 | By watter ligging is die vouer beskikbaar? | (1) |
| 1.1.4 | Wat bevat die vouer? | (2) |
| 1.1.5 | Wanneer is die vouer geskep? | (2) |
| 1.1.6 | Watter attribuut is op die vouer toegepas? | (1) |
| 1.1.7 | Wat beteken hierdie attribuut? | (2) |



Downloaded from www.mycourses.co.za

1.2 Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) op die ANTWOORDBLAD (aangeheg).

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Tipe IKT-stelsel | A | werkskerm |
| 1.2.2 | Draagbare weergawe van 'n rekenaar | B | beheerstelsel |
| | | C | drukker |
| 1.2.3 | Toevoertoestel | D | mikrofoon |
| 1.2.4 | Deel van die SVE | E | klaskamerstelsel |
| 1.2.5 | Bedryfstelsel | F | skootrekenaar |
| | | G | rekenkunde-logika-eenheid |
| | | H | Windows 10 |

(5 × 1) (5)
**[15]**

**VRAAG 2: NETWERK- EN KOMMUNIKASIEVAARDIGHEDE PUNTE: 10**

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) op die ANTWOORDBLAD (aangeheg) te skryf.

2.1.1 'n Draadlose toegangspunt wat Wi-Fi toestelle soos skootrekenaars toelaat om aan 'n draadlose netwerk te koppel.

2.1.2 'n Model word gebruik om 'n netwerk aan 'n internetdiensverskaffer te koppel.

2.1.3 'n Draadlose NIC-kaart gebruik 'n kabel om aan die netwerk te koppel.

2.1.4 Roeteerders word gebruik om datapakkette van een netwerksegment na 'n ander te stuur.

2.1.5 Netwerkprogrammatuur word gebruik om verskillende bedienerplatforms soos webbedieners, lêerbedieners, e-posbedieners, ens. te bestuur.

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za

2.2 Skryf die volgende afkortings voluit: Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.5) op die ANTWOORDBLAD (aangeheg) neer.

2.2.1 P2P

2.2.2 WNIC

2.2.3 WAP

2.2.4 IDV (*ISP*)

2.2.5 DSL

(5 × 1) (5)
**[10]**

**VRAAG 3: DATA, INLIGTINGBESTUUR EN BEREKENINGSDENKE PUNTE: 15**

3.1 Noem die VIER belangrikste komponente van berekeningsdenke. (4)

3.2 Die WIID (*DIKW*)-hiërargie is 'n populêre model wat gebruik word om lewenswerklike dataontleding na te boots. Voltooi die hiërargie in die korrekte volgorde op die ANTWOORDBLAD (aangeheg). (4)

3.3 Gee die vyf stappe van die dataontledingsbenadering om 'n probleem op te los in die korrekte volgorde. (5)

3.4 Wolkberging maak dit maklik om lêers met ander mense te deel.

Noem TWEE voorbeelde van wolkrekeninge wat 'n mens kan gebruik. (2)
**[15]**

**VRAAG 4: INTERNET- EN KOMMUNIKASIEVAARDIGHEDE PUNTE: 10**

4.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.7) op die ANTWOORDBLAD (aangeheg).

4.1.1 'n Voorbeeld van 'n draadtegnologiediens.

A Vesel
B IP-adres
C IDV

4.1.2 'n Unieke identiteit wat in staat is om die toestel van ander toestelle op die netwerk te identifiseer is ...

A vesel.
B ’n IP-adres.
C ’n IDV.



Downloaded from www.mycourses.co.za

4.1.3 'n Maatskappy wat 'n mens van 'n datakontrak voorsien om aan die internet te koppel.

A Vesel
B IP-adres
C IDV

4.1.4 Die web is in drie dele verdeel, naamlik ...

A oppervlakweb, diep web en donker web.
B diensweb, diep web en donker web.
C oppervlakweb, vlak web en diep web.

4.1.5 'n Programmatuurtoepassing wat gebruik word om toegang tot 'n webbediener te verkry en webwerwe en webbladsye op die internet te vertoon.

A Netwerkinstrumente
B Webblaaier
C Soekenjin

4.1.6 Programmatuur waartoe toegang deur 'n webblaaier verkry word om die gebruikers in staat te stel om na inhoud op die web te soek.

A Netwerkinstrumente
B Webblaaier
C Soekenjin

4.1.7 Voorbeelde van webblaaiers.

A PowerPoint, Excel, Word
B Facebook, Twitter, WhatsApp
C Google Chrome, Microsoft Edge, Opera

(7 × 1) (7)

4.2 Bestudeer die volgende BA (*URL*) en beantwoord die vrae deur die antwoord langs die vraagnommer (4.2.1–4.2.3) in die ANTWOORDBOEK (aangeheg) te skryf.

| https://www.health.org/tuberculosis/about.html |
|---|

4.2.1 Wat is die internetprotokol van die BA?

4.2.2 Wat is die gasheernaam van die BA?

4.2.3 Wat is die domeinnaam van die BA?

(3 × 1) (3)
**[10]**

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za

**VRAAG 5: DIGITALE BURGERSKAP** **PUNTE: 10**

5.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.5) op die ANTWOORDBLAD (aangeheg) te skryf.

5.1.1 Intellektuele eiendom verwys na die verhuring van inhoud wat deur die wet bewys is.

5.1.2 Kopiereg is 'n lewenslange beskerming.

5.1.3 Rowery (*piracy*) is 'n term wat gebruik word om onwettige aktiwiteit soos ongemagtigde kopiëring van 'n ander persoon se werk te omskryf.

5.1.4 Die betaling wat deur die eienaar van die inhoud ontvang word vir ander om sy/haar inhoud te gebruik, staan as tantième (*royalties*) bekend.

5.1.5 'n Lisensie wat toelaat dat programmatuur slegs op een toestel afgelaai word, staan as 'n netwerklisensie bekend.

(5 × 1) (5)

5.2 Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (5.2.1–5.2.5) op die ANTWOORDBLAD (aangeheg) te skryf.

5.2.1 Kriminele aktiwiteite wat met die internet en rekenaartegnologie gepleeg word staan as ... -misdaad bekend.

5.2.2 Nuusverslae of artikels wat nie op feite gebaseer is nie, word as ... -nuus beskou.

5.2.3 Die studie van mense se fisiese gemak, veiligheid en doeltreffendheid in die werkplek staan bekend as ... .

5.2.4 Vermindering van elektrisiteitsverbruik, afval en die omgewingsimpak deur die gebruik van berekeningstegnologie word ... berekening genoem.

5.2.5 Programmatuur wat 'n mens se toestel teen virusse en ander indringerware beskerm, word ... -programmatuur genoem.

(5 × 1) (5)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za

## AFDELING B: WOORDVERWERKING PUNTE: 50

Beantwoord al die vrae.
Die tyd wat vir AFDELING B toegeken is: 55 minute

### VRAAG 6: BROSJURE 37 PUNTE

**TYD: 40 MINUTE**

6.1 Herwin die lêer wat as TB in die REKENAARPRAKTYK N4-vouer gestoor is.

6.2 Stoor die dokument as VRAAG 6.

6.3 As voetskrif, sleutel jou EKSAMENNOMMER linksbelyn en VRAAG 6 regsbelyn in hoofletters in.

6.4 Redigeer die dokument soos in die teks aangedui is en volgens die instruksies wat hier onder verskaf is.

6.5 Al die kantruimtes van die dokument moet 2.54 cm/1" wees.

6.6 Verander die lettertipe van die hele dokument na Comic Sans MS (insluitend alle kopskrifte, voetskrifte, bladsynommers, tabel, ens.). Verander die grootte van die teks NÁ die datum na 8 pt.

6.7 Voeg bladsynommers regs BO aan die bladsy in.
Gebruik bladsynommerstyl: *Accent Bar 2*.

6.8 Voeg reëlafstand in soos in die dokument aangedui is.

6.9 Soek en vervang die woorde 'Tuberkulose' en 'tuberkulose' met 'TUBERKULOSE' in vetdruk, bokas en dubbel onderstreping.

6.10 Gebruik reëlnommering soos in die teks aangedui is.

6.11 Voeg die prent in wat as TUBERKULOSE in die REKENAARPRAKTYK N4-vouer gestoor is en bring die veranderinge aan soos aangedui is.

6.12 Redigeer die dokument verder soos op die volgende bladsy aangedui is. Gebruik die verstek-lettertipe van die dokument tensy anders aangedui is.

6.13 Nadat alle redigering voltooi is, druk slegs die GEREDIGEERDE dokument op EEN A4-bladsy in PORTRETORIËNTASIE. Stoor die dokument en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za

Verander die opskrif na 16 pt, bokas, kursief en gesentreer

**TB is steeds die grootste oorsaak van sterftes in Suid-Afrika**

Dinsdag, 15 Junie 2021

Regsbelyn die datum en verander na 10 pt en gebruik enige *reflection text*-effek

Verander die teks ná die datum na DRIE kolomme met 'n lyn tussen die kolomme

'n Verslag van Statistiek Suid-Afrika (Stats SA) het getoon dat Tuberkulose tussen 2016 en 2018 steeds die grootste oorsaak van sterftes in Suid-Afrika was.

Gebruik reëlnommering in hierdie paragraaf

Die verslag met die titel "Mortality and causes of death in South Africa: Findings from death notification, 2018", verskaf inligting oor die vlakke, tendense en patrone in statistiek oor sterftes en oorsake van sterftes volgens sosio-demografiese en geografiese kenmerke.

"Die aanduiders van sterftes en oorsake van sterftes in die verslag is kritieke aanduiders van die gesondheid van die Suid-Afrikaanse bevolking," het Stats SA aangedui.

"Die belangrikste fokus is op die voorkoms van sterftes in 2018; inligting oor sterftes wat in die tydperk 1997 tot 2017 voorgekom het, is ingesluit om tendense in sterftes te toon. Die statistiek oor die oorsake van sterftes in hierdie statistiese vrystelling verskaf inligting oor die leidende, onderliggende, natuurlike oorsake van sterftes, patrone en tendense in onnatuurlike oorsake van sterfte asook 'n vergelyking tussen die onmiddellike, bydraende en onderliggende oorsake van sterftes," het Stats SA Dinsdag gesê.

Volgens die verslag neem sterftes in die land af soos aangedui word deur die dalende tendens in die aantal geregistreerde sterftes sedert 2007.

Voeg 'n kolombreuk in

Die resultate het getoon dat die totale aantal sterftes wat in 2018 by die Departement van Binnelandse Sake geregistreer en deur Stats SA verwerk is, 454 014 was.

Terwyl die voorkoms van sterftes in die land steeds gedaal het, het dit volgens ouderdom en geslag verskil. Die ouderdomsgroep 65–69 het in 2018 die hoogste verhoudings sterftes getoon met 8.4%, met die ouderdomsgroep 60–64 'n kortkop agter teen 8.3%.

Daarteenoor was die laagste aantal sterftes in die ouderdomsgroep 5–9 jaar en 10–14 jaar teen onderskeidelik 0.6 % en 0.8%.

Wat geslag betref was daar tussen 1997 en 2018 meer sterftes onder mans as vrouens tussen die ouderdomme van 0 tot die ouderdomsgroep 65–69 terwyl sterftes onder vrouens konsekwent meer was as onder mans vir ouderdomme van 70 jaar en hoër.

Die resultate dui verder aan dat die hoogste geslagsverhouding (167 sterftes onder mans per 100 sterftes onder vrouens) in die ouderdomgroep 20–24 jaar voorgekom het. Die patroon is vir vier agtereenvolgende jare tussen 2015 en 2018 waargeneem.

Vir die tydperk 2016-2018 was Tuberkulose die leidende oorsaak van sterftes in Suid-Afrika.

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

Downloaded from www.mycourses.co.za

Volgens die verslag was diabetes mellitus die tweede leidende onderliggende oorsaak van sterftes waarvan die verhoudings oor drie jaar verhoog het.

Voeg 'n kolombreuk in

"Volgens die wêreldwye voorkoms van siekte was twee van die top vyf leidende onderliggende oorsake van sterftes vir mans oordraagbare siektes (tuberkulose en MIV) terwyl daar vir vrouens net een oordraagbare siekte (MIV) was, terwyl die res nie-oordraagbare siektes was."
Stats SA het gesê dat nege van die tien leidende oorsake van sterftes dieselfde vir albei geslagte was, hoewel met verskillende rangordes.
"Tuberkulose was die leidende onderliggende oorsaak vir sterftes onder mans teen 7.2% terwyl diabetes mellitus die leidende oorsaak van sterftes van vroue teen 7.7% van vrouesterftes was."
"Menslike immuniteitsgebreksvirussiekte [MIV] (4.6%) was die tweede leidende oorsaak van sterftes onder mans, gevolg deur ander vorme van hartsiektes (4.5%). Serebrovaskulêre siektes (6.1%) was die tweede leidende onderliggende oorsaak van sterftes onder vrouens."
"In 2018 het die mees beduidende daling in sterftes weens tuberkulose onder vroue van 5.2% in 2016 tot 4.8% in 2018 afgeneem. Dienooreenkomstig was daar 'n beduidende daling in sterftes aan tuberkulose van 7.2% in 2015 tot 7.6% in 2018 onder mans."

Kanselleer die kolomme van hierdie punt af en voeg die tabel in soos aangedui is

Voeg teks in vetdruk, bokas, 12 pt en gesentreer in


‡

**OPSOMMING VAN TB GEVALLE**

‡

| JAAR | AANTAL GEVALLE |
|---|---|
| *2000* | *275 000* |
| *2005* | *450 000* |
| *2010* | *500 000* |
| *2015* | *400 000* |

Kursief




Voeg 5 rye en 2 kolomme in
Grootte van kolom 1: 4 cm/1.57"
Grootte van kolom 2: 6 cm/2.36"
Voeg die opskrifte in die tabel in bokas, vetdruk en gesentreer in.
Die grootte van die teks in die tabel moet 8 pt wees.
Linksbelyn die JARE en regsbelyn die AANTAL GEVALLE.
Gebruik grys beskaduïng in die eerste kolom.
Die tabel moet linksbelyn wees.

Voeg die prent 'TUBERKULOSE' in:
Omvou die prent voor die teks.
Verander die grootte van die prent na 3.18 cm/1.25" hoog en wyd.
Posisioneer die prent regs en in lyn met die tabel.

(37)



Downloaded from www.mycourses.co.za

**VRAAG 7: PAMFLET** **13 PUNTE**

**TYD: 15 MINUTE**

Jy is gevra om 'n pamflet te redigeer om bewustheid oor tuberkulose by jou kampus te wek.

7.1 Herwin die lêer was as PAMFLET in die REKENAARPRAKTYK N4-vouer gestoor is.

7.2 Stoor die dokument as VRAAG 7.

7.3 As kopskrif, sleutel jou EKSAMENNOMMER linksbelyn en VRAAG 7 regsbelyn in hoofletters in.

7.4 Redigeer die dokument soos hier onder aangedui is:

7.5 Voeg enige ster- of banierstyl onder die prent in en voeg die volgende teks in die fatsoen in (verander die grootte sodat die teks leesbaar is):
BESKERM JOUSELF EN ANDER!

7.6 Nadat alle redigering voltooi is, druk slegs die GEREDIGEERDE dokument op EEN A4-bladsy in PORTRETORIËNTASIE. Stoor die dokument en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

TUBERKULOSEBEWUSTHEID → verander na vetdruk, 20 pt en sentreer

KEN DIE SIMPTOME! → Verander na kursief & regsbelyn

Ervaar jy die volgende simptome? → voeg die volgende kolpunt in ➢, keep teen linkerkantruimte in & onderstreep

Verlies aan eetlus


Stel tabelstoppe in en skuif die teks na tabelstoppe soos aangedui:

| | | |
|---|---|---|
| Hoes | linkertabelstop | 3.25 cm/1.27" |
| Borspyn | linkertabelstop | 4.5 cm/1.77" |
| Koors | linkertabelstop | 6.75 cm/2.63" |
| Moegheid of | linkertabelstop | 8 cm/3.14" |
| Vinnige gewigsverlies? | | |

Voeg simbool ✓ (*Wingdings*: 252) na elke simptoom in

Laat jou dadelik vir tuberkulose toets! → sentreer, wend grys beligting (*highlight*) aan die teks aan

Hoe dit versprei:




Sentreer prent en verander grootte na 6 cm/2.36" hoog x 8 cm/3.14" wyd en gebruik 'drop shadow rectangle'-prentstyl

(13)

**TOTAAL AFDELING B: 50**



Downloaded from www.mycourses.co.za

**AFDELING C: SIGBLAD** **PUNTE: 50**

Beantwoord al die vrae.
Die tyd wat vir AFDELING C toegeken is: 55 minute

**VRAAG 8: STATISTIEKBLAD** **34 PUNTE**

**TYD: 40 MINUTE**

8.1 Herwin die sigblad wat as GEVALLE in the REKENAARPRAKTYK N4-vouer gestoor is.

8.2 Stoor die dokument as VRAAG 8.

8.3 As kopskrif, sleutel jou EKSAMENNOMMER (linksbelyn) en VRAAG 8 (regsbelyn) in.

8.4 Bring alle veranderinge aan soos in die sigblad aangedui is en volgens die instruksies hier onder.

8.5 Vertoon ry- en kolomopskrifte.

8.6 Voeg die volgende formules/funksies in waar die alfabetletters verskyn om die volgende berekeninge te doen; gebruik selverwysings, waar moontlik, vir alle berekeninge:

A Bereken al die TOTALE
(vertoon die TOTAAL-antwoorde in kolom C en D as heelgetalle met geen desimale nie en die TOTAAL-antwoorde in kolom E en F as persentasies sonder enige desimale)

B PERSENTASIE VROUEPASIëNTE
(AANTAL VROUEPASIëNTE gedeel deur TOTALE AANTAL VROUEPASIëNTE)
(vertoon die antwoorde as persentasies met een desimaal)

C PERSENTASIE MANSPASIëNTE
(AANTAL MANSPASIëNTE gedeel deur TOTALE AANTAL MANSPASIëNTE)
(vertoon die antwoorde as persentasies met een desimaal)

D HOOGSTE AANTAL VROUEPASIëNTE
(vertoon die antwoord as 'n heelgetal sonder enige desimale)

E LAAGSTE AANTAL MANSPASIëNTE
(vertoon die antwoord as 'n heelgetal sonder enige desimale)

F Bereken die GEMIDDELDE AANTAL VROUEPASIëNTE
(vertoon die antwoord as 'n heelgetal sonder enige desimale)

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za

G Bereken die GEMIDDELDE AANTAL MANSPASIëNTE
(vertoon die antwoord as 'n heelgetal sonder enige desimale)

H Bepaal die AANTAL JARE
(vertoon die antwoord as 'n heelgetal sonder enige desimale)

8.7 Voeg alle horisontale en vertikale rande in soos op die sigblad aangedui is. (Gebruik dik rande.)

8.8 Pas alle kolomme en rye aan sodat die inligting leesbaar is. Kopieer die formules na ander selle soos op die sigblad aangedui is.

8.9 Voeg die volgende voetskrif in bokas, regsbelyn, Algerian 14 pt en kursief in:
INTERNASIONALE JOERNAAL VAN AANSTEEKLIKE SIEKTES

8.10 Druk slegs die GEREDIGEERDE dokument in LANDSKAPORIËNTASIE met ry- en kolomopskrifte en EEN bladsy. Stoor die sigblad en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za

| | A | B | C | D | E | F |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | **TUBERKULOSEGEVALLE** voeg saam en linksbelyn opskrif (kolom A–F) | | | | | |
| 2 | voeg oop ry in | | | | | |
| 3 | 'N WERELDWYE OORSIG OOR 5 JAAR voeg saam en sentreer opskrif (kolom A–F) | | | | | |
| 4 | voeg oop ry in | | | | | |
| 5 | voeg saam en regsbelyn opskrif (kolom A–F) 2016-2020 | | | | | |
| 6 | voeg oop ry in | | | | | |
| 7 | *STATISTIEKE* | JAAR | AANTAL VROUEPASIëNTE | AANTAL MANSPASIëNTE | PERSENTASIE VROUEPASIëNTE | PERSENTASIE MANSPASIëNTE |
| 8 | | 2016 | 14500 | 26000 | B | C |
| 9 | | 2017 | 12500 | 24000 | | |
| 10 | | 2018 | 11000 | 23000 | | |
| 11 | | 2019 | 13000 | 24000 | | |
| 12 | | 2020 | 15000 | 27000 | | |
| 13 | | **TOTAAL** | **A** | | | |
| 14 | | | | | | |
| 15 | | | HOOGSTE AANTAL VROUEPASIëNTE | | D | |
| 16 | | | LAAGSTE AANTAL MANSPASIëNTE | | E | |
| 17 | | | GEMIDDELDE AANTAL VROUEPASIëNTE | | F | |
| 18 | | | GEMIDDELDE AANTAL MANSPASIëNTE | | G | |
| 19 | | | AANTAL JARE | | H | |

Aantekeninge:

- Rye 1–6: Verander na Algerian 18 pt en onderstreep
- Ry 7: Omvou opskrifte; Beskadu grys; Sentreer vertikaal & horisontaal
- Rye 7–19: Verander die lettergrootte na 12 pt
- STATISTIEKE: Voeg teks in bokas, vetdruk & kursief in; Voeg rye 7–12 saam; Roteer die teks op, sentreer vertikaal & horisontaal
- Kolomme C en D (rye 8–12): Voeg syfers in
- TOTAAL: vetdruk & regsbelyn



Voeg die prent, 'GLOBE', uit die REKENAARPRAKTYK N4-vouer in. Verander slegs die hoogte na 4 cm/1.57". Posisioneer links in die korrekte rye.

(34)

Kopiereg voorbehou



Downloaded from www.mycourses.co.za

**VRAAG 9: FAKTUUR** **16 PUNTE**

**TYD: 15 MINUTE**

9.1 Herwin die sigblad wat as TBFAKT in die REKENAARPRAKTYK N4-vouer gestoor is.

9.2 As 'n voetskrif, sleutel jou EKSAMENNOMMER linksbelyn en VRAAG 9 regsbelyn in.

9.3 Stoor die sigblad as VRAAG 9.

9.4 Bring alle veranderinge aan soos in die sigblad aangedui is en volgens die instruksies hier onder.

9.5 Voeg die volgende inligting op die faktuur langs die korrekte opskrifte in:

FAKTUURDATUM: Voeg vandag se datum in
FAKTUURNR: JDC5678
PASIëNTKODE: TB007

9.6 Voeg die volgende formules/funksies in waar die alfabetletters verskyn om die berekeninge te doen; gebruik selverwysings, waar moontlik, vir alle berekeninge:

A Bereken die TOTAAL: AANTAL maal met PRYS (UITSL)
(vertoon as geldeenheid, twee desimale)

B SUBTOTAAL: Tel al die TOTAAL-bedrae op
(vertoon as geldeenheid, twee desimale)

C SUBTOTAAL MINUS AFSLAG:
SUBTOTAAL minus (SUBTOTAAL maal met AFSLAG)
(vertoon as geldeenheid, twee desimale)

D BTW: SUBTOTAAL MINUS AFSLAG maal met BTW-KOERS
(vertoon as geldeenheid, twee desimale)

E TOTAAL BETAALBAAR: SUBTOTAAL MINUS AFSLAG plus BTW
(vertoon as geldeenheid, twee desimale)

F AANTAL BLANKO SELLE (A23:G25): Gebruik 'n funksie
(vertoon as heelgetal, geen desimale nie)

9.7 Druk die sigblad sonder ry- en kolomopskrifte op EEN bladsy in PORTRETORIËNTASIE. Stoor die sigblad en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.



Downloaded from www.mycourses.co.za

Verander die opskrif na Broadway 12 pt

Belastingfaktuur

Jabulane Dumani-kliniek

TB-eenheid ← Verander na Broadway 20 pt

Nguzastraat 257
Vosloorus
1475

Tel: 011 863 7791
E-pos: info@jdc.co.za

BTW Regnr: 4455667788

---

FAKTUURDATUM:
FAKTUURNR:
PASIëNTKODE:

Voeg inligting in volgens instruksies

Voeg 'n dik rand in soos aangedui is

Aan:
Departement van Gesondheid
Dr AB Xuma-gebou
Voortrekkerweg 1112
PRETORIA
0001

| DIENS GELEWER | AANTAL | PRYS (UITSL) | TOTAAL |
|---|---|---|---|
| Toelatings tot kliniek (per dag) | 5 | R1 500,00 | A |
| Behandelings per dag | 5 | R1 200,00 | |
| Maandelikse medisynepak | 6 | R3 900,00 | |

vetdruk

Voeg pryse in, geldeenheid, 2 desimale

| | | |
|---|---|---|
| Pryse onderhewig aan verandering | SUBTOTAAL | B |
| | AFSLAG | 5% |
| | SUBTOTAAL MINUS AFSLAG | C |
| | BTW-KOERS | 15% |
| | BTW | D |
| | **TOTAAL BETAALBAAR** | E |

Bykomende inligting: ← dubbel onderstreep
Fondse direk inbetaal te word

Aantal blanko selle **F**

Gebruik *Soft Edge Oval*-prentstyl



Skuif die prent gesentreerd onder die faktuur

**[16]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**



Downloaded from www.mycourses.co.za

**AFDELING D: AANBIEDING**

Beantwoord al die vrae
Die tyd wat vir AFDELING D toegeken is: 55 minute

**VRAAG 10: AANBIEDING** **PUNTE: 20**

Jy wil bewustheid oor tuberkulose op jou kampus skep. Skep 'n kort aanbieding oor die simptome wat met tuberkulose verband hou.

10.1 Herwin die aanbieding wat as SIMPTOME in die REKENAARPRAKTRYK N4-vouer gestoor is.

10.2 As 'n voetskrif op elke skyfie, sleutel jou EKSAMENNOMMER en VRAAG 10 in hoofletters in. Verseker dat die skyfienommer ook op elke skyfie verskyn.

10.3 Bring al die veranderinge aan volgens die instruksies hier onder en pas alle manipulasie-instruksies toe soos op die volgende bladsy aangedui is.

10.4 Verander die tema van die aanbieding na *ORGANIC*.

10.5 Stoor die aanbieding as VRAAG 10.

10.6 Druk elke skyfie op 'n nuwe bladsy en plaas die DRUKSTUKKE in jou EKSAMENOMSLAG.

10.7 Druk albei skyfies as 'n UITDEELSTUK (*HANDOUT*) op EEN bladsy in PORTRETORIËNTASIE en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za

Skyfie 1:

Verander na 60 pt, bokas, sentreer


Tuberkulose

Gebruik *Plastic wrap artistic effect* aan die prent.

Verander die hoogte van die prent na 4 cm/1.57"

Skuif die prent na die linkerkant van die teks: 'Ken die simptome!' (verseker dat die prent nie enige inligting verberg nie)

Keer die prent vertikaal om sodat dit nie onderstebo is nie.




Ken die simptome!

Verander na 32 pt en regsbelyn

Skyfie 2:

Ongeveer 89 000 mense sterf per jaar aan Tuberkulose in Suid-Afrika

Verander die opskrif na 48 pt en kursief

WAAR OM HULP TE KRY:

SIMPTOME:

Ruil opskrifte om en vetdruk

Koors

Moegheid

Gewigsverlies

Aanhoudende hoes

Bloed in hoes

Nagsweet

Gebruik *Hollow square*-kolpunte
Verander na 16 pt

Besoek jou naaste kliniek in jou gebied om vir TB getoets te word sodat jy so vroeg as moontlik met behandeling kan begin.

Beskadu die teks, sentreer en dubbelreëlafstand

Gebruik 'n dubbele lynrand van 3 pt om elke tekshokkie onder die opskrifte

**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 20**
**GROOTTOTAAL: 180**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

**EKSAMENNOMMER:**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

**SENTRUMNOMMER:**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |

# 10 November 2023

# ANTWOORDBLAD

# REKENAARPRAKTYK N4

| |
|---|
| % |

**Hierdie antwoordblad bestaan uit 6 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za

**EKSAMENNOMMER:**

**SENTRUMNOMMER:**

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 1.1.1 ______________________________ (1)

1.1.2 ______________________________ (1)

1.1.3 ______________________________ (1)

1.1.4 ______________________________ (2)

1.1.5 ______________________________ (2)

1.1.6 ______________________________ (1)

1.1.7 ______________________________ (2)

1.2 1.2.1 ____________

1.2.2 ____________

1.2.3 ____________

1.2.4 ____________

1.2.5 ____________

(5 × 1) (5)
**[15]**



Downloaded from www.mycourses.co.za

**EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

**SENTRUMNOMMER:** | | | | | | | | |

**VRAAG 2**

2.1 2.1.1 ____________________

2.1.2 ____________________

2.1.3 ____________________

2.1.4 ____________________

2.1.5 ____________________

(5 × 1) (5)

2.2 2.2.1 ______________________________

2.2.2 ______________________________

2.2.3 ______________________________

2.2.4 ______________________________

2.2.5 ______________________________

(5 × 1) (5)
**[10]**

**VRAAG 3**

3.1 ________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (4)


Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za

**EKSAMENNOMMER:**

**SENTRUMNOMMER:**

3.2



(4)

3.3 STAP 1 –

STAP 2 –

STAP 3 –

STAP 4 –

STAP 5 –

(5)



Downloaded from www.mycourses.co.za

**EKSAMENNOMMER:**

**SENTRUMNOMMER:**

3.4 ______________________________________________

______________________________________________ (2)
**[15]**

**VRAAG 4**

4.1 4.1.1 ____________________

4.1.2 ____________________

4.1.3 ____________________

4.1.4 ____________________

4.1.5 ____________________

4.1.6 ____________________

4.1.7 ____________________

(7 × 1) (7)

4.2 4.2.1 ____________________

4.2.2 ____________________

4.2.3 ____________________

(3 × 1) (3)
**[10]**

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za

**EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

**SENTRUMNOMMER:** | | | | | | | | |

**VRAAG 5**

5.1 5.1.1 ______________________

5.1.2 ______________________

5.1.3 ______________________

5.1.4 ______________________

5.1.5 ______________________

(5 × 1) (5)

5.2 5.2.1 ______________________

5.2.2 ______________________

5.2.3 ______________________

5.2.4 ______________________

5.2.5 ______________________

(5 × 1) (5)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za